

# MONA LISA

W&M: JOE FOSTER

As jy my ooit sou vra hoekom ek by jou is,  
sou jy verras wees wat ek werklik van jou dink.  
Want as my hart 'n kunsmuseum was en jy gevef op doek,  
sou jy die een wees, Lisa, wie ek oor en oor sal seek.

**LISA,  
JY'S DIE MONA LISA  
TEEN DIE MUUR VAN MY HART.  
DAAR'S NET EEN SOOS JY.  
LISA.**

Jy's die pot vol goud aan die einde van die reënboog.  
Jou waarde is prysloos, en my wins is hoog.  
As my hart 'n kunsmuseum was en jy gevef op doek,  
sou jy die een wees Lisa, wie ek oor en oor sal seek.

**LISA,  
JY'S DIE MONA LISA  
TEEN DIE MUUR VAN MY HART.  
DAAR'S NET EEN SOOS JY.  
LISA,  
JY'S DIE MONA LISA  
IN DIE GALERY VAN MY HART.  
DAAR'S NET EEN SOOS JY,  
LISA.**

Daar's net een soos jy vir my, een soos jy vir my.  
daars net een soos jy.  
Jy's die skildery binne my.  
Jy's die skildery binne my.

**LISA,  
JY'S DIE MONA LISA  
TEEN DIE MUUR VAN MY HART.  
DAAR'S NET EEN SOOS JY.  
LISA, JY'S DIE MONA LISA  
TEEN DIE MUUR VAN MY HART.  
DAAR'S NET EEN SOOS JY.  
LISA,  
JY'S DIE MONA LISA  
IN DIE GALERY VAN MY HART.  
DAAR'S NET EEN SOOS JY, LISA.**

# HARTKLANK:

W&M: JOE FOSTER

As jy moet terugkyk hoe jou lewe lyk.  
Tot dusver geleer om weer te probeer.  
Om jou hart te volg, te kan verstaan.  
Jy soek so hard na 'n beter part,  
'n ander rol wat jou hart gaan vul.  
Jy't gesê jy sal.  
Het jy dan verdwaal?

Jy moet net ophou soek.

**LUISTER NA DIE KLANK WAT JOU LIEFDE MAAK.  
DIT IS DIE TAAL WAT JOU HART PRAAT.  
AS JOU WOORDE OPRAAK,  
SAL ALLES WEER SIN MAAK.  
HARTKLANK.**

As jy moet terug kyk hoe jou lewe lyk.  
Tot dusver geleer om net bang te wees.  
Jy verkompliseer dit, jy het niks om te vrees.  
Jy val so hard maar jy staan weer op.  
Dis die klank van hoop in jou hartklop.  
Jy't vooruit gegaan.  
Dis in jou vasgevang.

Jy moet net ophou soek.

**LUISTER NA DIE KLANK WAT JOU LIEFDE MAAK.  
DIT IS DIE TAAL WAT JOU HART PRAAT.  
AS JOU WOORDE OPRAAK,  
SAL ALLES WEER SIN MAAK.  
HARTKLANK.**

# VIR MY GEMAAK:

W&M: JOE FOSTER, EWALD COLESKE & JOHAN C VENTER

Jy is die oseaan se mooiste blou.  
Elke skakering 'n gedagte van jou.  
Jy is my vrede ek kan vertrou.  
Ek kan my huis maar net hier bou.

Jy is my kompas jy's my ware noord.  
Waar anders sal my hart behoort?  
Jy is my eiland, my perspektief  
en ek's nog steeds op jou verlief.

**JY IS DIE REDE DAT EK LEWE.  
MY HOOF BESTAAN.  
EKS VIR JOU GEMAAK.  
DIS WAARROOR DIT GAAN.  
JY IS DIE ENIGSTE REDE DAT EK LEWE.  
JA, JY IS VAN DIE BEGIN AF VIR MY GEMAAK.**

Jy is my vriend, jy is my sielsgenoot.  
Ek het my hart voor jou ontbloot.  
Jy maak my brawer teen als wat ek vrees.  
Ek kan myself hier by jou wees.  
Jy was my storm se sterkste wind.  
Jy sal verwaai om my te vind.  
Nou is ek joune.  
Jy kan maar klou, sal jou altyd veilig hou.

**JY IS DIE REDE DAT EK LEWE.  
MY HOOF BESTAAN.  
EKS VIR JOU GEMAAK.  
DIS WAARROOR DIT GAAN.  
JY IS DIE ENIGSTE REDE DAT EK LEWE.  
JA, JY IS VAN DIE BEGIN AF VIR MY GEMAAK.**

# IN DIE REËN VIR JOU:

W&M: JOE FOSTER

Ek moet sê,  
ek ken die beste deel van jou en dis jou hart,  
wat jy ook daar buite vinnig toe kan bou.

Dis net sleg dat jy dit soms met my ook doen.  
Dit frustreer my wat ek doen kan jou nie aanraak nie.

**WANT EK, EK STAAN IN DIE REËN VIR JOU  
EN VRA JOU: SAL JY VIR ALTYD KAN ONTHOU?  
EK STAAN IN DIE REËN VIR JOU  
WANT ELKE WOORD EN NOOT EN MELODIE MOET JY WEET GAAN NET OOR JOU.  
EK STAAN IN DIE REËN VIR JOU.**

Kan ek vra, dat jy 'n bietjie stil sal staan?  
En net dink hoe groot jy jou hart vir ander oop kan maak.  
As jy wil, sal ek dan ook dieselfde doen.  
Want saam is ons steeds beter, beter as alleen.

**WANT EK, EK STAAN IN DIE REËN VIR JOU EN VRA JOU:  
SAL JY VIR ALTYD KAN ONTHOU?  
EK STAAN IN DIE REËN VIR JOU  
WANT ELKE WOORD EN NOOT EN MELODIE  
MOET JY WEET GAAN NET OOR JOU.  
EK STAAN IN DIE REËN VIR JOU.**

Niks sal ons liefde kan vervang nie.  
Nie eers jou storms maak my bang nie.  
Jy moet weet ek sal die hartseer vir jou dra.

**WANT EK, EK STAAN IN DIE REËN VIR JOU  
EN VRA JOU: SAL JY VIR ALTYD KAN ONTHOU?  
EK STAAN IN DIE REËN VIR JOU  
WANT ELKE WOORD EN NOOT EN MELODIE  
MOET JY WEET GAAN NET OOR JOU.  
EK STAAN IN DIE REËN VIR JOU.**

# HOENDERVLEIS:

W&M: JOE FOSTER

Wat kan ek sê,  
ek wil smelt as jy teen my kom lê,  
en my toelaat om myself aan jou oor te gee.  
Dit voel of ek dryf  
as jy jou vingers saggies oor my vryf,  
en daai soen oor my lyf 'n gevaarlike ontdekkingsreis.

**WANT JY GEE MY HOENDERVLEIS.  
KAN NIE GENOEG VAN JOU KRY NIE.  
WANT JY GEE MY HOENDERVLEIS.  
KAN NIE GENOEG VAN JOU KRY NIE.**

Maak my die klei. Sal jy?  
Dat jy enigiets kan doen met my.  
Ek het reeds myself totaal hier by jou verloor.  
Soek jy 'n bewys op my, as jy wonder of jy pas by my?  
Soen my hier  
Gaan jou wys as my hare begin te rys.

**WANT JY GEE MY HOENDERVLEIS.  
KAN NIE GENOEG VAN JOU KRY NIE.  
WANT JY GEE MY HOENDERVLEIS.  
KAN NIE GENOEG VAN JOU KRY NIE.**

# WOORDE:

W&M: JOE FOSTER & ARNOLD COLESKE

As jou woorde vir my kon sê waar daar liefde kort,  
sou ek nou nog hard kon probeer om jou net te kan verstaan.  
Jy soek aandag, en ek soek jou.  
Die tyd het gekom.  
Al wat oorbly, is om vir my te sê hoe, hoe ek jou lief kon hê?

**GEE VIR MY WOORDE SODAT EK KAN VERANDER  
WAAR DAAR NIKS LIEFDE WAS VIR JOU OF VIR MY.  
MET WOORDE SAL JOU SEER HART BETER RAAK,  
AL, AL MOET EK JOU VERLAAT.  
SAL JY NET MET MY KAN PRAAT?**

Ek moet opgee, jou kans is verby.  
Wens net ek kon bly.  
Net een ding sal hier bly staan  
waaraan woorde nie kan raak.

**GEE VIR MY WOORDE SODAT EK KAN VERANDER  
WAAR DAAR NIKS LIEFDE WAS VIR JOU OF VIR MY.  
MET WOORDE SAL JOU SEER HART BETER RAAK,  
AL, AL MOET EK JOU VERLAAT.  
SAL JY NET MET MY KAN PRAAT?**

# VOEL JY MY HARTKLOP?

W&M: JOE FOSTER

Kom lê hier by my,  
so styf teen my maag of sy.  
Want ek wil fluister in jou oor wat jy werklik voel hier binne my.

Dis stil hier by my.  
Net ek en jou hart en jy.  
Ek wil nader aan jou kom lê.  
Ek moet vir jou sê, sal jou altyd wil hê.

**VOEL JY MY HARTKLOP?  
DIS DIE KLOP SOOS 'N HAMERHOU WAT LIEFDE BOU  
IN DIE VORM VAN JOU.  
VOEL, VOEL JY MY HARTKLOP?  
DIS DIE KLANK VAN 'N MELODIE SOOS EK JOU SIEN.  
MY LIEFDESIMFONIE, VIR JOU.**

Gee my net 'n kans.  
Ons maak dan so mooi balans.  
As jy kon voel wat ek nou voel waar jy langs my lê  
sou jy ook kon sê.

**VOEL JY MY HARTKLOP?  
DIS DIE KLOP SOOS 'N HAMERHOU  
WAT LIEFDE BOU IN DIE VORM VAN JOU.  
VOEL, VOEL JY MY HARTKLOP?  
DIS DIE KLANK VAN 'N MELODIE SOOS EK JOU SIEN.  
MY LIEFDESIMFONIE, VIR JOU.**

# RIDDER:

W&M: JOE FOSTER

Ek kan jou belowe,  
jy soek meer as 'n man van staal.  
Jy't 'n behoefte vir liefde.  
Nie net 'n hero wat jou kom haal uit 'n sprokiesverhaal,  
uit 'n sprokies verhaal.

Want ek is nie,

**EK'S NIE 'N RIDDER  
'N RIDDER OP 'N WIT PERD NIE.  
EK'S NET 'N MAN MAAR EK'S JOUNE.  
EN EK BELOWE TOT DIE DOOD TOE SAL EK VEG VIR JOU,  
VIR JOU, VIR JOU.  
MAAR EK'S NIE 'N RIDDER NIE.**

Ek's net 'n man.  
Ek's net 'n man wat sy hart wil volg,  
en ek volg dit net na jou toe.  
Al wil jy my verander en my laat verdwaal,  
in jou sprokiesverhaal. In jou sprokiesverhaal.

Want ek is nie,

**EK'S NIE 'N RIDDER  
'N RIDDER OP 'N WIT PERD NIE.  
EK'S NET 'N MAN MAAR EK'S JOUNE.  
EN EK BELOWE TOT DIE DOOD TOE SAL EK VEG VIR JOU,  
VIR JOU, VIR JOU.  
MAAR EK'S NIE 'N RIDDER NIE.**



# PAD NA JOU HART:

W&M: JOE FOSTER

Wag vir my,  
dis nog nie te laat nie.  
Hierdie pad mag dalk nog lank word.  
Maar ek is nie bang nie.

Vergewe my,  
my hart was koud, eenvoudig net swaar.  
Ek was grof en onafgewerk  
maar ek's nog nie daar nie.

**OP PAD NA JOU TOE.  
OP DIE PAD NA JOU HART TOE.  
DIS HIER WAAR EK GAAN SORG  
DAT EK JOU MAN GAAN WORD.  
OP PAD NA JOU TOE,  
OP DIE PAD NA JOU HART TOE.  
DIS HIER WAAR EK GAAN LEER  
OM WERKLIK LIEF TE WEES.  
OP PAD NA JOU HART.**

Sit terug. Sit terug en hou vas.  
Hierdie pad waarop ons saam loop het sy op en af.  
Laat my toe as ek op my knieë voor jou deur kom staan.  
Op die pad na jou hart moes ek leer dat dit eintlik jou hart is, wat hulp vra.

**OP PAD NA JOU TOE.  
OP DIE PAD NA JOU HART TOE.  
DIS HIER WAAR EK GAAN SORG  
DAT EK JOU MAN GAAN WORD.  
OP PAD NA JOU TOE,  
OP DIE PAD NA JOU HART TOE.  
DIS HIER WAAR EK GAAN LEER  
OM WERKLIK LIEF TE WEES.  
OP PAD NA JOU HART.**

As ek jou hand vat sal jy saam my kan kom.  
As jy my toelaat mag ek jou dalk verstom  
en ek belowe jou jy sal hierna niks ooit kort.  
As ek jou man kan word.

**OP PAD NA JOU TOE.  
OP DIE PAD NA JOU HART TOE.  
DIS HIER WAAR EK GAAN SORG  
DAT EK JOU MAN GAAN WORD.  
OP PAD NA JOU TOE,  
OP DIE PAD NA JOU HART TOE.  
DIS HIER WAAR EK GAAN LEER  
OM WERKLIK LIEF TE WEES.  
OP PAD NA JOU HART**

# ANTWOORD MY:

W&M: JOE FOSTER

Hoe moet ek sê wat net my hart kan?  
Moet ek dit regtig hardop bely?  
Alles pas nie in 'n boks nie.  
Soms moet mens maar net die Here vertrou.

Wat help dit ek plak 'n pleister, op 'n gesonde wond?

**ANTWOORD MY.**

**EK LÊ IN DIE AANDE, IN DIE AANDE VIR DIE DAG EN WAG.  
WAG VIR MY. EK WAS NIE GEREED NIE, NIE GEREED NIE  
OM NOU OP TE STAAN.**

Wat is die doel om te verduidelik?  
Jy het reeds al jou feite bymekaar gemaak.  
Die antwoord is nie in 'n boek nie.  
Soms moet mens maar net uit liefde kan vertrou.

Wat help dit ek plak 'n pleister op 'n gesonde wond?

**ANTWOORD MY.**

**EK LÊ IN DIE AANDE, IN DIE AANDE VIR DIE DAG EN WAG.  
WAG VIR MY. EK WAS NIE GEREED NIE,  
NIE GEREED NIE OM NOU OP TE STAAN.**

# **NET JY ALLEEN:**

W&M: JOE FOSTER

So diepgaande,  
die oorweldigende sagtheid in jou.  
Die onveranderende liefde wat my omvou.  
Sal dit altyd onthou.

Onweerstaanbaar, jou arms as dit moeilik raak.  
Net 'n moederhart wat veg om haar seun 'n man te maak.  
Ek is diep geraak.

**NET JY ALLEEN.  
NET JY ALLEEN.  
SAL OOR BERGE EN DALE REIS.  
EK VIR JOU EN JY VIR MY.  
WAAR JY IS DAAR IS MY HUIS.  
NET JY ALLEEN,  
NET JY ALLEEN.  
WEET WAT WARE LIEFDE IS.  
NET JY WEET WIE EK IS, NET  
JY ALLEEN,  
NET JY ALLEEN.**

Jy's onmisbaar.  
Onvergelykbaar, jy is onvervangbaar.  
Jy is die pleister, jy's die gom wat ons hou bymekaar.  
Jy's my steunpilaar.  
Te ontelbaar, die aanmoedigende woorde van jou.  
Die liefde wat jy het vir my sal ek nêrens anders kry.

**NET JY ALLEEN.  
NET JY ALLEEN.  
SAL OOR BERGE EN DALE REIS.  
EK VIR JOU EN JY VIR MY.  
WAAR JY IS DAAR IS MY HUIS.  
NET JY ALLEEN,  
NET JY ALLEEN.  
WEET WAT WARE LIEFDE IS.  
NET JY WEET WIE EK IS,  
NET JY ALLEEN,  
NET JY ALLEEN.**

# **BLY NOG NET SO 'N BIETJIE:**

W&M: JOE FOSTER

Miskien, miskien was ek te trots,  
of te hardkoppig om dit in my sak te steek.  
Want ek, ek is maar so geleer om my man te staan,  
al is my hart gebreek.  
Bly nog net so bietjie, bietjie, bietjie hier by my.

Bly nog net so bietjie by my.

**AS JY IN MY HART KON BLY,  
SOU EK DALK MYSELF KON WEES,  
MAAR EK IS BANG OM SEER TE KRY.  
AS JY IN MY HART KON BLY,  
NET 'N STUKKIE VAN MYSELF VIR JOU KON GEE,  
SOU JY BLY, BY MY?**

Ek sien, ek sien wat jy bedoel.  
Ek's te selfsugtig om my hart vir jou te gee.  
Want ek, ek was nog net alleen.  
Te gewoonnd geraak om by myself te wees.

Bly nog net so bietjie, bietjie, bietjie hier by my.  
Bly nog net so bietjie by my.

**AS JY IN MY HART KON BLY,  
SOU EK DALK MYSELF KON WEES,  
MAAR EK IS BANG OM SEER TE KRY.  
AS JY IN MY HART KON BLY,  
NET 'N STUKKIE VAN MYSELF VIR JOU KON GEE,  
SOU JY BLY, BY MY?**

Bly nog net so bietjie.  
Dalk kan ek nog leer om myself eers lief te hê  
voordat ek jou toelaat hier binne my.

**AS JY IN MY HART KON BLY,  
SOU EK DALK MYSELF KON WEES,  
MAAR EK IS BANG OM SEER TE KRY.  
AS JY IN MY HART KON BLY,  
NET 'N STUKKIE VAN MYSELF VIR JOU KON GEE,  
SOU JY BLY, BY MY?**

# OPSTAAN:

W&M: JOE FOSTER

As die lewe vir my 'n verkeerde kaart deel,  
sal ek hom speel al moet ek voorgee dat  
ek weet wat ek doen.

Want die lewe is te kort.  
Wag net 'n bietjie,  
ek moet nog leer hoe om 'n kind te wees voor ek dit vergeet.

Ja, gister is verby.  
More is 'n mite  
wat ek vertel om myself op te tel  
as vandag my teleurstel.

Ek weet daar's 'n rede waarom ek lewe.  
Ek gaan nog vind hoekom hierdie woorde my aan jou laat dink.

**WANT JY MOET OPSTAAN AS JY VAL.  
DIS AL HOE JY SAL VERSTAAN WAT DIT IS WAARDEUR JY MOET GAAN  
OM OP TE STAAN.  
DIS IN DIE LIEFDE, DIE TWYFEL EN PYN  
WAARDEUR JY MAAR NET MOET GAAN  
OM WEER OP TE STAAN.**

Ja die dinge van die lewe  
maak my ontevrede.  
Hou my terug  
totdat alles eers ontwig  
voordat ek kan verander.

Ek vat 'n bietjie langer.  
Ek word 'n bietjie sagter.  
Ek dink 'n bietjie harder wat my gelukkig gaan maak,  
gelukkig gaan maak.

**WANT JY MOET OPSTAAN AS JY VAL.  
DIS AL HOE JY SAL VERSTAAN  
WAT DIT IS WAARDEUR JY MOET GAAN  
OM OP TE STAAN.  
DIS IN DIE LIEFDE, DIE TWYFEL EN PYN  
WAARDEUR JY MAAR NET MOET GAAN  
OM WEER OP TE STAAN.**